Iets Nuu(†)s

Efesiërs 4:16
Hy is immers die Hoof, en uit Hom groei die hele liggaam. Die verskillende liggaamsdele pas by mekaar en vorm saam 'n eenheid. Elkeen van hulle vervul sy funksie, en so bou die liggaam homself op in liefde.

31 JANUARIE 2021

Inligting:

Gereformeerde Kerk Sasolburg. h/v Faickney en van Eckstraat

Leraar:	**Marcel Floor 0828285811**
Admin:	Colleen Koekemoer – 016-976 5094 / 082 855 4769: admin@gksasolburg.co.za
Webblad:	www.gksasolburg.co.za
Barmhartigheid:	Aileen Gouws – 082 333 1333
Geboue:	PJ Gouws – 079 492 8404
Koster:	Sandra vd Sandt 083 457 8904
Omgeekantoor:	Tydelike epos: admin@gksasolburg.co.za

DIENSBEURT: ***BLOK B***
Kollekte ONDER DIENS: **Barmhartigheid (diakonie rekening)**
Kollekte by DEURE: Notekollekte Kerkkas

Bankbesonderhede:

Kerkkas: Absa, Gereformeerde Kerk Sasolburg, Rek nr 520340033 en Verw: bv Kollekte Sustentasie, ens.) *EN AL*
MAANDELIKSE LIDMAAT BYDRAES
Diakonie: Absa, Gereformeerde Kerk Diakonie, Rek nr 520340238
Verw: Kollekte Barmhartigheid

Woordbediening

TEMA
Verskillende reaksies op God se Woord.

Matt. 13:1-9 & 18-23 (83 AV)

Inleiding

A: Geen bekering.

1. Matt. 13:3&4: 'n Saaier het eendag gaan saai. Met die saai het 'n deel van die saad op die pad geval, en die voëls het gekom en dit opgepik.
2. Matt. 13:19: Die Bose kom by elkeen wat die woord van die koninkryk hoor maar dit nie verstaan nie, en vat dan weg wat in sy hart gesaai is. Dit is hy by wie daar op die pad gesaai is.
   a. Verklaring van die "*hardepadhoorder*".
3. Dit kan ook met óns gebeur, as ons sondes in ons hart koester en vertroetel en daarin volhard...

B: Tydelike bekering.

1. Matt. 13:5-6: 'n Ander deel daarvan het op klipbanke geval, waar daar nie baie grond was nie, en dit het gou opgekom omdat die grond nie diep was nie. Maar toe die son warm word, is dit verskroei, en omdat dit nie wortel geskiet het nie, het dit verdroog.
2. Matt. 13:20: Die man weer by wie daar op die klipbanke gesaai is, is hy wat die woord hoor en dit dadelik met blydskap aanneem. Hy laat dit egter nie by hom wortel skiet nie, en hy hou nie lank uit nie. As hy ter wille van die woord verdruk en vervolg word, word hy gou afvallig.
   a. Verklaring van die "*klipbankhoorder*".
3. Ook hierdie reaksie vind ons by hoorders binne en buite die kerk, en ook soms by onsself...

C: Halfhartige bekering.

1. Matt. 13:7: 'n Ander deel het tussen die onkruid geval, en die onkruid het opgekom en dit laat verstik.
2. Matt. 13:22: Die man by wie daar tussen die onkruid gesaai is, is hy wat die woord hoor, maar die bekommernis van die lewe en die verleidelikheid van rykdom verstik die woord, en dit bly sonder vrug.
   a. Verklaring van die "*onkruidhoorder*".
3. Ook dít kan met óns gebeur!

D: Ware bekering.

1. Matt. 13:8: Die ander saad het in goeie grond geval en 'n oes gelewer, party honderdvoudig, ander sestigvoudig en ander dertigvoudig.

2. Matt. 13:23: Die man by wie daar op goeie grond gesaai is, is hy wat die woord hoor en dit verstaan. Hy dra inderdaad vrug en lewer 'n oes: soms honderdvoudig, soms sestigvoudig, soms dertigvoudig."
    a. Verklaring van die "*goeiegrondhoorder*": Hy /sy hoor die Woord, verstaan dit en leef daarvolgens.
3. Praktiese toepassing van die gelykenis op ons lewens vandag:
    a. Ons almal het die taak om die saad van die Woord oral rondom ons te saai.
    b. Ons moet die Woord met nugterheid saai – ons kan verskillende reaksies verwag. (vgl. Hand. 17:32-34, Hand. 16:13-14, Hand. 13:48).
    c. Net God kan deur sy Gees mense se harte sag en ontvanklik maak vir die Woord. (Eseg. 11:19, 36:25-28, Hand. 16:13-14, Hand. 13:48, 1 Kor. 2:10-16).
    d. Ons het 'n medeverantwoordelikheid om na die grond van ons eie harte om te sien.

Slot

Jy kan vir die volgende mense bid en bystaan:

- **Pierre Erasmus wie se broer die week oorlede is**
- **Kobus Kruger met sy chemo behandeling en Alida Kruger**
- **Gerrit du Plooy met sy behandeling**
- **Ons dink steeds aan Estelle van der Spuy en Wilna van Staden wie pyn verduur, en ook aan Danie Joubert.**
- **Ook aan Tom en Martie Bezuidenhout ;**
- **U kan ook voortdurend bid vir ons predikantspaar**
- **Geluk aan Lukas en Hester Erasmus en res van hul familie met die geboorte van hul kleinkind!**

VERJAARSDAE

Verjaar				Landlyn	Selfoon
01/31	Hannes	Smit	Belydend		0721098989
02/01	Isabella	Buys	Belydend		0630394082
02/03	Johan	Beer	Belydend		081472334
02/04	Zulaycke	Viljoen	Belydend		0715318238
02/06	Suné	Smith	Belydend		0733787950

Daar is al reeds verskeie artikels op die tafels, kom maak gerus 'n draai!

Onthou om steeds ons vleisprojek te ondersteun!